Publication: RAPPORT
Title: R50 mjd. se pille vir SA
AVE: 67903.15

Page: 12
Publish Date: 18 March 2018
Author: Dawie Boonzaaler

# R50 mjd. se pille vir SA

## Die meeste word egter deur 'n klein minderheid privaat-pasiënte gesluk

Dawie Boonzaaier

Suid-Afrikaners het verlede jaar R48,6 miljard se medikasie gesluk - amper 70% daarvan deur die minderheid van pasiënte wat private gesondheidsorg gebruik. Net sowat 30% (R15,1 miljard) van die medikasie wat gebruik is, is deur staatshospitale en -klinieke uitgedeel.

Dít blyk uit 'n pas uitgereikte verslag van die Helen Suzman-stigting (HSF).

Boonop, wys die verslag, is die verskeidenheid van medisyne wat in die private sektor beskikbaar is baie groter as in die openbare sektor.

Van die 174 farmaseutiese vervaardigers in Suid-Afrika verskaf 95 hul produkte eksklusief aan die private sektor, en 15 verskaf eksklusief aan die staat. Die res verskaf produkte aan albei.

"Dit weerspieël die differensiële grondslag vir mededinging vir die twee sektore," lui die verslag.

**Monopolieë is baie algemeen.**

In die private sektor ding vervaardigers mee deur hul volle reeks aan die mark beskikbaar te stel, terwyl aankope in die openbare sektor volgens tenders gedoen word.

Dit beteken die mededinging tussen vervaardigers het plaasgevind voordat die produkte aan kliënte beskikbaar gestel is.

Die verslag sê verder dit is duidelik dat monopolieë, monopolistiese mededinging en oligopolieë wydverspreid in die private sektor is. Vyf vervaardigers het elkeen meer as 200 geregistreerde produkte op die medisyneprysregister. Hulle is: Pharmacare (607), Adcock Ingram (401), Sandoz (338), Cipla Medpro (223) en Pfizer (219). Ses verskaffers verskaf meer as 40 produkte aan die openbare sektor.

Hulle is: Pharmacare (106), Fresenius Kabi (63), Cipla Medpro (58), Sanofi-Aventis (55), Adcock Ingram Critical Care (52) en Gulf Drug Company (42).

Dit terwyl sewe vervaardigers elkeen meer as R500 miljoen se medisyne aan die openbare sektor verskaf.

**7 firmas smous elk meer as R500 m. se pille.**

Hoewel die farmaseutiese sektor goed gereguleer word, deels as gevolg van die enkeluitgangsprysstelsel, is dié stelsel nie so rigied soos wat verwag sou word nie.

Die stelsel maak staat op aanvanklike pryse wat deur die vervaardigers self voorgestel moet word, en hoewel voorstelle deur die departement van gesondheid aanvaar of verwerp kan word, kan dit nie deur die departement self gewysig word nie.

Mededingende voorwaardes bestaan wel op kleinhandelvlak. Die twee grootste korporatiewe apteke, Clicks en Dis-Chem, hanteer elk sowat 20% van verkope aan die private sektor.

Sodoende oorskry nie een van hulle die 35%-drumpel wat in die wet oor misbruik van oorheersing gedefinieer word nie.

Kleinhandelaars ding egter mee deur resepteringstariewe op verskillende vlakke aan te beveel.

Die verslag toon dat daar nie baie kruis-direkteurskappe in die farmaseutiese bedryf is nie, wat die risiko op die onthulling van sensitiewe inligting rakende pryse verminder.


www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright © Novus Group (Pty) Ltd.